**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk, Funksionele Skryfwerk, Letterkunde)**

# MOONTLIKE ANTWOORDE OKT / NOV 2006

AFDELING A

**KREATIEWE SKRYFWERK**

**TAAL EN STYL**

| INHOUD | Puik | Baie goed | Goed | Gemiddeld | Onder-gemiddeld | Swak | Beroerd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ryk** | 30 | 27 | 24 | 21 | 18 | 15 | 12 |
| **Baie goed** | 29 | 26 | 23 | 20 | 17 | 14 | 11 |
| **Goed** | 28 | 25 | 22 | 19 | 16 | 13 | 10 |
| **Alledaags** | 26 | 23 | 20 | 17 | 14 | 11 | 8 |
| **Onder-gemiddeld** | 25 | 22 | 19 | 16 | 13 | 10 | 7 |
| **Arm** | 24 | 21 | 18 | 15 | 12 | 9 | 6 |
| **Misgetas** | 23 | 20 | 17 | 14 | 11 | 8 | 5 |

AFDELING B

## FUNKSIONELE SKRYFWERK

### TAAL EN STYL (70)

| | Puik | Baie goed | Goed | Gemiddeld | Onder-gemiddeld | Swak | Beroerd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ryk** | 15 | 14 | 13 ½ | 12 | 10 ½ | 9 | 8 |
| **Baie goed** | 14 | 13 ½ | 12 | 10 ½ | 9 | 8 | 7 |
| **Goed** | 13 ½ | 12 | 10 ½ | 9 | 8 | 7 | 6 |
| **Alledaags** | 12 | 10 ½ | 9 | 8 | 7 | 6 | 4 ½ |
| **Onder-gemiddeld** | 10 ½ | 9 | 8 | 7 | 6 | 4 ½ | 4 |
| **Arm** | 9 | 8 | 7 | 6 | 4 ½ | 4 | 2 |
| **Misgetas** | 8 | 7 | 6 | 4 ½ | 4 | 2 | 1 ½ |

**INHOUD**

# NASIENTABEL: KREATIEWE SKRYFWERK (30)

| | INHOUD | | TAAL EN STYL |
|---|---|---|---|
| **Ryk** | 1. Buitengewone, oorspronklike interpretasie van onderwerp.<br>2. Besondere konsentrasie op onderwerp.<br>3. Briljante sintuiglike waarneming en mee-lewing.<br>4. Duidelik omlynde sentrale tema.<br>5. Duidelike progressie.<br>6. Werk vorm ? afgeronde geheel.<br>7. Sterk oortuiging. | **Puik** | 1. Ryk oorspronklike beelde – funksioneel.<br>2. Afr. idioom uitnemend aangebied – oorspronklik.<br>3. Taal deurleef en goed genuanseerd.<br>4. Buitengewone taalaanvoeling: oorspronklike sinsbou.<br>5. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel.<br>6. Alle taalmiddele dra by tot gebalanseerde geheel, maak opstel briljant. |
| **Baie goed** | 1. Interessante oorspronklike, onderwerp-vertolking.<br>2. Konsentrasie, maar geringe afdwaling.<br>3. Paragrawe nie meer heg verbind nie.<br>4. Besondere sintuiglike waarneming.<br>5. Sentrale tema: omlyning minder duidelik.<br>6. Minder progressie.<br>7. Afgeronde eenheid. | **Baie goed** | 1. Taal beeldryk (funksioneel) of nugter (konkreet).<br>2. Idioom, taal: funksioneel.<br>3. Taal grootliks oorspronklik: woordeskat getuig van breë taalkennis.<br>4. Korrekte paragrafering, sinsbou, punktuasie: natuurlikheid ontbreek.<br>5. Styl vloeiend, oorspronklikheid ontbreek bietjie.<br>6. Taal klinies korrek maar kort deurleefdheid. |
| **Goed** | 1 Vanselfsprekende onderwerpsiening.<br>2. Onderwerpgerig, konsentrasie ontbreek.<br>3. Sentrale tema – sporadies.<br>4. Progressie fragmentaries.<br>5. Sintuiglike waarneming, maar algemeen-hede.<br>6. Bevredigende, afgeronde eenheid.<br>7. Bevredigende oortuigingskrag. | **Goed** | 1. Beperkte beeldende of nugter taalgebruik, skemer net soms deur.<br>2. Idiomatiese taal onbevredigend.<br>3. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld.<br>4. Paragrafering, sinsbou, punktuasie toon foute: spelfoute kom voor.<br>5. Weinig sprake van eie styl: skryf korrek soos geleer.<br>6. Goeie opstel, maar sonder aanvoeling en deurlewing. |
| **Alledaags** | 1. Geen spesifieke siening van onderwerp.<br>2. Konsentrasie verbrokkel, afdwaling.<br>3. Geen opvallende sentrale tema.<br>4. Progressie – min.<br>5. Doodgewone waarneming, geen treffende siening nie.<br>6. Paragraafskakeling ontbreek, eenheid gaan effe verlore.<br>7. Argumente bietjie onoortuigend. | **Gemiddeld** | 1. Nie werklike beelde of nugter taalgebruik nie, wat gebruik word, is oorbekend.<br>2. Meer vaaghede in formulering – soms onbe-holpe.<br>3. Onoorspronklike taalgebruik.<br>4. Anglisismes: foutiewe woordkeuse.<br>5. Paragrafering willekeurig: hegte bou ontbreek: herhaling van gedagtes.<br>6. Foute t.o.v. punktuasie, sinsbou, woordorde: onvoltooide sinne.<br>7. Alledaagse skryfstyl: skryftegnieke ontbreek of oordryf. |
| **Ondergemiddeld** | 1. Siening, inhoud slegs plek-plek ter sprake.<br>2. Konsentrasie: aanbieding grootliks on-samehangend.<br>3. Sentrale tema ontbreek.<br>4. Geen progressie, patroon staties.<br>5. Beskrywing en waarneming vaag en kleurloos.<br>6. Skakeling: paragraafbou verbrokkel/ lang para.<br>7. Lengte verontagsaam. | **Ondergemiddeld** | 1. Uitdrukkingsvermoë lomp en vaag: geen beeld-spraak en stylfigure: slegs afgesaagdes.<br>2. Verbeeldinglose taal: beperkte woordeskat.<br>3. Paragrafering foutief: sinsfoute algemeen en punktuasie terloops: beperkte gebruik van leestekens.<br>4. Styl omslagtig en onbeholpe.<br>5. Baie spelfoute.<br>6. Toenemend anglisistiese inslag. |
| **Arm** | 1. Onderwerp nie ter sake – geen insig.<br>2. Oppervlakkig – ? doellose geklets.<br>3. Geen tema: patroon ontbreek/1 lang para.<br>4. Onoorspronklik.<br>5. Gedagtes los en sonder verband.<br>6. Growwe verontagsaming van lengte. | **Swak** | 1. Kan nie gedagtes oordra nie. Net foute<br>2. Taal lomp, onbeholpe, beperk.<br>3. Baie spelfoute: min eenheid.<br>4. Skryftegnieke verkeerd. DRUIP<br>5. Algemene foute.<br>6. Druipeling. |
| **Misgetas** | 1. Inhoud niks te make met onderwerp.<br>2. Deurmekaar sameflansing van niks-seggende gedagtes.<br>3. Growwe verontagsaming van lengte.<br>4. Besliste druipeling. | **Beroerd** | 1. Idioom lomp en onbeholpe.<br>2. Geen skryftegniek. DRUIP<br>3. Geweldig baie foute.<br>4. Geen struktuur.<br>5. Volslae druipeling. |

## NASIENTABEL: FUNKSIONELE SKRYFWERK (15)

| INHOUD | | TAAL EN STYL | |
|---|---|---|---|
| **Ryk** | 1. Buitengewone, oorspronklike interpretasie van onderwerp.<br>2. Besondere konsentrasie op onderwerp.<br>3. Briljante sintuiglike waarneming en meelewing.<br>4. Duidelik omlynde sentrale tema.<br>5. Duidelike progressie.<br>6. Werk vorm ? afgeronde geheel.<br>7. Sterk oortuiging.<br>8. Baie feite. | **Puik** | 1. Ryk funksionele taal.<br>2. Taal deurleef en goed genuanseerd.<br>3. Buitengewone taalaanvoeling: oorspronklike sinsbou.<br>4. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel.<br>5. Alle taalmiddele dra by tot gebalanseerde geheel, maak opstel briljant. |
| **Baie goed** | 1. Interessante oorspronklike, onderwerp-vertolking.<br>2. Konsentrasie, maar geringe afdwaling.<br>3. Paragrawe nie meer heg verbind nie.<br>4. Besondere sintuiglike waarneming.<br>5. Sentrale tema: omlyning minder duidelik.<br>6. Minder progressie.<br>7. Afgeronde eenheid.<br>8. Oortuigingskrag steeds sterk. | **Baie goed** | 1. Taal funksioneel of nugter (konkreet).<br>2. Taal grootliks oorspronklik: woordeskat getuig van breë taalkennis.<br>3. Korrekte paragrafering, sinsbou, punktuasie: natuurlikheid ontbreek.<br>4. Styl vloeiend, oorspronklikheid ontbreek bietjie.<br>5. Taal klinies korrek maar kort deurleefdheid. |
| **Goed** | 1 Vanselfsprekende onderwerpsiening.<br>2. Onderwerpgerig, konsentrasie ontbreek.<br>3. Sentrale tema – sporadies.<br>4. Progressie fragmentaries.<br>5. Sintuiglike waarneming, maar algemeenhede.<br>6. Bevredigende, afgeronde eenheid.<br>7. Bevredigende oortuigingskrag. | **Goed** | 1. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld.<br>2. Paragrafering, sinsbou, punktuasie toon foute: spelfoute kom voor.<br>3. Weinig sprake van eie styl: skryf korrek soos geleer.<br>4. Goeie opstel, maar sonder aanvoeling en deurlewing. |
| **Alledaags** | 1. Geen spesifieke siening van onderwerp.<br>2. Konsentrasie verbrokkel, afdwaling.<br>3. Geen opvallende sentrale tema.<br>4. Progressie – min.<br>5. Doodgewone waarneming, geen treffende siening nie.<br>6. Paragraafskakeling ontbreek, eenheid gaan effe verlore.<br>7. Argumente bietjie onoortuigend.<br>8. Vaaghede is kenmerkend. | **Gemiddeld** | 1. Meer vaaghede in formulering – soms onbeholpe.<br>2. Onoorspronklike taalgebruik.<br>3. Anglisismes: foutiewe woordkeuse.<br>4. Paragrafering willekeurig: hegte bou ontbreek: herhaling van gedagtes.<br>5. Foute t.o.v. punktuasie, sinsbou, woordorde: onvoltooide sinne.<br>6. Alledaagse skryfstyl: skryftegnieke ontbreek of oordryf. |
| **Ondergemiddeld** | 1. Siening, inhoud slegs plek-plek ter sprake.<br>2. Konsentrasie: aanbieding grootliks onsamehangend.<br>3. Sentrale tema ontbreek.<br>4. Geen progressie, patroon staties.<br>5. Beskrywing en waarneming vaag en kleurloos.<br>6. Skakeling: paragraafbou verbrokkel.<br>7. Lengte verontagsaam.<br>8. Inhoud is vaag en onvolledig. | **Ondergemiddeld** | 1. Uitdrukkingsvermoë lomp en vaag.<br>2. Verbeeldinglose taal: beperkte woordeskat.<br>3. Paragrafering foutief: sinsfoute algemeen en punktuasie terloops: beperkte gebruik van leestekens.<br>4. Styl omslagtig en onbeholpe.<br>5. Baie spelfoute.<br>6. Toenemend anglisistiese inslag. |
| **Arm** | 1. Onderwerp nie ter sake – geen insig.<br>2. Oppervlakkig – ? doellose geklets.<br>3. Geen tema: patroon ontbreek.<br>4. Onoorspronklik.<br>5. Gedagtes los en sonder verband.<br>6. Growwe verontagsaming van lengte. | **Swak** | 1. Kan nie gedagtes oordra nie.<br>2. Taal lomp, onbeholpe, beperk.<br>3. Baie spelfoute: min eenheid.<br>4. Telegramstyl.<br>5. Skryftegnieke verkeerd.<br>6. Algemene foute.<br>7. Druipeling. |
| **Misgetas** | 1. Inhoud niks te make met onderwerp.<br>2. Deurmekaar sameflansing van niks-seggende gedagtes.<br>3. Growwe verontagsaming van lengte.<br>4. Besliste druipeling. | **Beroerd** | 1. Geen skryftegniek.<br>2. Geweldig baie foute.<br>3. Geen struktuur.<br>4. Volslae druipeling. |

AFDELING C
**LITERATUURSTUDIE**

**KONTEKSTUELE VRAAG**
**VRAAG 4**

Uit: ***DE HERBERGIER VAN PIDALGO*** – Godfried Bomans

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | ? <u>Edelman</u> van die hoogste erflike rang net onder dié van prins (Europees). | | (1) |
| 4.2 | Hy wil nie wys sy been is afgesit / geamputeer nie. | | (1) |
| 4.3 | Daar is ? tafel gedek.<br>Die tafel is met kerse versier.<br>Daar is vleis op die tafel | (Noem 2) | (2) |
| 4.4 | As gevolg van bloedverlies. / Skok van verlies van been. | | (1) |
| 4.5 | fronste. | | (1) |
| 4.6 | 9 (nege). | | (1) |
| 4.7 | As iets jou <u>verwagtings oortref</u>.<br>Wanneer iets veel beter is as wat verwag is. | | (2) |
| 4.8 | Hy wil weet wat die naam van die vleisgereg is. | | (1) |
| 4.9 | Hy is verleë omdat hy nie sal kan sê watter tipe vleisgereg dit is nie.<br>Hy is verleë omdat hy die gaste bedrieg het.<br>Hy voel skuldig omdat die hertog sy kos so ophemel / prys. | (Enige 2). | (2) |
| 4.10 | Sy eie been. | | (1) |
| 4.11 | As gevolg van ? misoes het veesiektes uitgebreek.<br>Baie diere het gevrek en daar is geen vleis meer om gaar te maak nie. | | (2) |
| 4.12 | Beroemde vleisgereg. | | (1) |
| 4.13 | Dit is mensvleis. | | (1) |
| 4.14 | gering man (as net 1 woord reg is, is alles verkeerd). | | (1) |
| 4.15 | | | |
| 4.15.1 | Hy het geen vleis om voor te berei nie. / Sy been is af, hy kan nie sy gaste verwelkom / bedien nie. | | (1) |
| 4.15.2 | Hy sit sy been af en dis dit aan die gaste op. / Hy herstel nog van ? siekte en kan dus nie opstaan nie. Hy neem dus so plaas dat hy sy gaste ten beste bvehulpsaam kan wees. | | (1)<br>**[20]** |

**OF**

## VRAAG 5
## *DE HERBERGIER VAN PIDALGO* – Godfried Bomans

Ø Die Herbergier is sonderling. . .

- Hy skep behae daarin om gaste te onthaal.
- Dit gaan nie vir hom oor die wins wat hy maak nie.
- Met geld wat oorbly, koop hy kastrolle en skuimspane.
- Soms vra hy geen geld nie, want dit is vir hom genoeg om te sien dat gaste hulle kos geniet.
- Hy is veral bekend vir sy vleisgeregte wat so sag is dat dit in die mond wegsmelt.
- Hy het so bekend geword dat mense vanuit die uithoeke van die land daarheen reis om sy vleisgeregte te kom proe.
- Ander het na Pidalgo gereis en voorgegee dat hulle na die kunsskatte daar kom kyk, maar in werklikheid is hulle doel primêr om die herbergier se vleis te kom geniet.
- Daar het altyd ? wonderlike vleisgeur naby sy huis in die lug gehang.

Ø Probleem en sy reaksie daarop

- As gevolg van ? misoes het dit gebeur dat die vee siek geword het en gevrek het. Die gevolg was dat daar kort voor lank geen vleis meer beskikbaar was nie.
- Hy het sy laaste groente uit die groentetuin opgebruik en sy laaste varke geslag.
- Daagliks het die herbergier buite sy huis op ? stoel met sy kop op sy bors gesit.
- Saans het hy die huis ingegaan en die deure en vensters gesluit.
- Hy het steeds gedroom van die goeie ou tyd toe mense hom oorval het om sy lekker kos te eet. Dit was egter verby en het by drome en herinneringe gebly.

Ø Wending (eindpoging)

- Op ? dag kom ? hertog met ? koets verby en vra of die herbergier nie vir hom en 9 edelmanne oor 7 dae ? feesmaal sal voorberei nie; hy is mos die beroemde herbergier van Pidalgo. Hulle is veral geïnteresseerd in sy heerlike vleisgereg.
- Die herbergier stem in en op die 7de dag trek daar weer ? rokie uit die skoorsteen en vul die lug met die heerlike geur van gebraaide vleis.
- Hy het nie self die deur oopgemaak vir die gaste nie en het aan die kop van die tafel gaan sit. Die verskoning was dat hy baie siek was en dat hy nog aansterk.
- Die tafel is pragtig gedek en die kommentaar oor die kos is positief.
- Die herbergier weier om te sê watter tipe vleis dit is, toe hy daarna gevra is.

Ø Skok

- Die hertog se servetring het geval en een van die edelmanne het dit opgetel en agtergekom dat die herbergier ? houtbeen het. Gevolgtrekking; hulle eet sy been.
- Dit is voorwaar ? skok.
- Kandidate moet eie mening lug en dit moet realisties en gemotiveerd wees. **[20]**

**OF**

***VERLORE PARADYSE* – N.J. Snyman**

**VRAAG 6**

6.1 Ja. (1)

6.2 Hy het voluit gelewe. / Hy het ? opofferende geaardheid. / ? Man met alles veil – selfs sy lewe. (2)

6.3 Visserman. (1)

6.4 brood-uit-die-water-mens. (2)

6.5

6.5.1 Ja. (1)

6.5.2 Sy pa was ook ? visserman / van kleins af was hy op die see. / Het sy verdienste uit die see gemaak. (2)

6.6 Hilda ervaar geen vrede nie / Haar man se dood het alle vrede laat verdwyn. / Konflik tussen Hilda en Wenning. (2)

6.7 Sy haat die see / Die see het haar man vermoor / Sy wil nie hê Milla moet enigsins met die see te doen kry nie. / Sy wil nie ? verhouding tussen Milla en ? visserman / seemens hê nie. (2)

6.8 Omdat sy verbitterd is. / Die see het haar geliefde van haar af weggeneem. Nou klou sy vas aan haar dogter. (1)

6.9 Tydelik. (1)

6.10 Eerstepersoon. (1)

6.11 Albei het verdrink / Hulle het nie by mekaar uitgekom nie / Die haaie het hulle opgevreet. (1)

6.12 Nee. Sy verloor nou vir Milla ook / Sy bly alleen agter. (2)

6.13 Ouers kan hulle kinders raad gee, maar moenie té betrokke by die verhouding raak nie, aangesien die situasie kan boemerang. (1)
**[20]**

**OF**

## VRAAG 7

7.1 ***DIE SKERPIOENE*** – Paul C. Venter

Ø <u>Frannie is wêreldvreemd</u>

- Frannie haat die afskeepwêreld.
- Skulpbaai is ? klein plekkie wat hom beskerm soos ? skulp die skulpdier beskerm.
- Daarom wens hy dat hy uit sy onmiddellike wêreld kan losbreek.
- Die visreuk maak hom siek.
- Hy wil studeer om weg te kom.
- Hy beny ander kinders wat reeds weg is soos byvoorbeeld oom Caruso se kinders.

Ø <u>Verhouding met sy pa</u>

- Die Kaapse lewe maak hom sag en daar ontstaan ? breuk tussen hom en sy pa.
- Sy pa beskuldig hom van ? té saggeaardheid.
- Frannie is ? boekemens, anders as sy pa wat van sy liggaamlike krag afhanklik is om sy werk gedoen te kry.

Ø <u>Geleidelike betrokkenheid en vrede</u>

- Aanvanklik groet hy sy ma skaars.
- Na die Swartlander (dokter) se besoek en slegte nuus oor sy ma se toestand, begin hy betrokke raak.
- Hy besluit self om ? kreef te gaan vang vir sy ma en sy pa help hom daarmee.
- Pa en seun doen uiteindelik weer iets saam en dit lei tot versoening.
- Aan die einde oortree hulle saam ? wet om iets vir hulle ma en vrou te doen.
- Aan die einde dink Frannie nie eers aan weggaan nie.
- Daar is dus volkome harmonie in sy geestelike lewe.

**EN**

7.2 ***DIE INVLOED*** – Pirow Bekker

Ø <u>Naamsimboliek</u>

- Die verhaal speel in Vredenbaai af, maar daar is geen vrede nie. Wenning en Milla verdrink. Hilda verloor haar man as gevolg van die see en sy beleef ontsettende konflik omdat sy Milla nie met Wenning sal wil laat trou nie.
- Wenning is ? regskape jongman met murg in sy pype. Daar is iets van "wenner"(aanhouer wen) in sy naam opgesluit. Hy hou aan om Hilda Sewes se guns te probeer wen. Sy van suggereer dat hy ? seemens (watermens) is. (Hy sê nei ; die Kleurlinguitspraak vir **nee**, vir die land, en ja vir die see.) Ook die woord Nyl wat die Nylrivier aandui, kan sy affiniteit vir water suggereer.
- Milla is aanvanklik ? landmens; maar haar van, Van de Wateren, is ironies omdat sy juis op Wenning, die seemens verlief raak.

Ø Verhaalslot

- Die meeste mense aanvaar dat albei dood is en in die dood met mekaar verenig is.
- Daar is egter meer moontlikhede. In die slotparagraaf is daar sprake van anderkant en duskant; dus is daar meer as een moontlikheid.
- Daar is dié wat geglo het dat albei deurgeswem het.
- Ander glo dat hulle mekaar in die middel van die stroom ontmoet het.
- Ander sê Wenning het Milla op die duskantste wal ingewag.
- Kandidate se teksgemotiveerde eie siening. Gee krediet vir oorspronklikheid.

Ø Verhaaltitel

- Die verhaaltitel dui op die gedeelte van die rivier waar dit in die see loop wat gewoonlik vol haaie is as daar ? sterk invloed is.
- Die titel dui verder op die invloed wat verskillende karakters op mekaar uitoefen.
- Dit dui moontlik ook op die intertekstuele invloed wat die Middeleeuse gedig op die skryf van die verhaal gehad het.
- Ook die ruimte beïnvloed die karakters. Die see maak Hilda haatdraend en dit maak Wenning ? goedgeaarde jong man. (10)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

## Assesseringsinstrument (Rubriek)

| Norm | Letterkunde: Paragraaftipe Vraag: 20/15/10 | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Vlak 4 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| **1.** | Beplanning, paragrafering, inleiding en afsluiting. | Goed beplan, inleiding gee struktuur en slot vat logies saam. | Nog goed gestruktureer, maar nie heeltemal so heg nie. | Neig om onsamehangend te raak. | Skryfstuk is nié ? goeie geheel nie. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| **2.** | Sinsbou, spelling, leestekens en woordgebruik. | Logiese sinne, min spelfoute, verskeie leestekens effektief gebruik, goeie woordgebruik. | Sinne, woordkeuses, spelling en leestekens is só dat die paragraaf maklik lees. | Sinne is lomp en moeilik verstaan-baar, spelfoute algemeen, lees-tekens en woord-gebruik beperk. | Taalfoute is té algemeen om ? redelike punt te verdien. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| **3.** | Duidelike hoofgedagtes. Uitvoering van spesifieke opdrag. | Hoofpunte is goed gedefinieer en sluit direk aan by gegewe opdrag. | Hoofpunte word onderskei, maar is effens vaag en sluit nié so direk by opdrag aan nie. | Opdrag en skryfstuk sluit nie. Meer ? geklets as wetenskaplike aanbieding. | Geen inhoudelike struktuur nie. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| **4.** | Ondersteunende bewyse. | Skryfstuk toon goeie insig in begrippe en die korrekte bewyse uit die teks word gebruik vir stellings. | Steeds insig en grootliks toepaslike bewyse vir stellings. | Opdrag word inhoudelik nie duidelik verstaan nie en bewyse is effens lukraak. | Gebrek aan enige insig en bewyse met substansie. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| **5.** | Kennis van die literêre werk. | Skryfstuk toon dat die teks gelees is en as geheel verstaan word. | Teks is duidelik gelees en die werk word verstaan, maar nié so volledig soos by Norm 4 nie. | Inhoudelike foute en oorsigtelikhede toon ? gebrek aan leeskennis en begrip van die teks. | Die werk is nié gelees nie en word glad nie verstaan nie. |